Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

OMSENDBRIEF 5/2018 **9 Februarie 2018**

Geagte Ouers

Ons wil u graag inlig oor die volgende:

1. **Beheerliggaamverkiesing**

U is reeds ingelig oor die beheerliggaamverkiesing op Dinsdag, 6 Maart 2018 om 18:00 by Laerskool Dagbreek.

Ek bring die volgende weer onder u aandag. 'n Nominasie en verkiesing van kandidate van lede vir die Beheerliggaam van die bogenoemde skool, sal gehou word op 06/03/2018 om 18:00. Kandidate (wie ouers is/wettige voogde van die leerders wat in Graad R tot Graad 7 is en wat nie by die skool werksaam is nie) mag genomineer word deur 'n voltooide nominasievorm in te dien by die verkiesingsbeampte. Die genomineerde moet 'n ouer van die skool wees. Die nominasievorm moet 24 uur voor die vergadering terug wees by die skool. Nominasievorms beskikbaar by die skool vanaf 20 Februarie tot 4 Maart 2018. Die nominasievorms kan egter eers vanaf 28 Februarie 2018 ingehandig word by die skool

Genomineerdes van die vergadering sal ook aanvaar word by die nominasie- en verkiesingsvergadering. Kandidate moet teenwoordig wees by die verkiesings-vergadering. Die verkiesingsvergadering geskied om 18:30 op 6 Maart 2018.

Dit is die verantwoordelikheid van die ouer/voog om te verseker dat hulle name op die kieserslys van die skool is en ter insae vir almal te wees. Net ouers wie se name op die kieserslys is, kan voor gestem word en kan dan deel wees van die Beheerliggaam.

Die ouerlede wat verkies word vorm deel van die beheerliggaam wat tot die begin van 2021 verantwoordelik sal wees vir die daarstelling en uitvoering van skoolbeleide, onder andere:

- Toelatingsbeleid
- Taalbeleid
- Godsdiensbeleid
- Finansiële beleid
- Buitekurrikulêre beleid
- Gedragskode van leerders (dissiplinêre stelsel en verhore)

Bogenoemde is 'n paar van die beheerliggaam se belangrikste take.

Dit is belangrik dat daar 'n kworum ouers teenwoordig sal wees op 6 Maart 2018 om 18:30, anders kan die verkiesing nie voortgaan nie en 'n herverkiesing sal geskeduleer word vir 12 Maart 2018 om 18:00 by Laerskool Dagbreek.

Alvorens ons met die verkiesing kan voortgaan, moet 'n kworum gelykstaande aan 15% van die stemgeregtigde ouers teenwoordig wees. 'n Maksimum van twee ouers of voogde per gesin mag stem.

admin@dagbreek.co.za

Maak asseblief seker dat u 'n wettige identifikasie (ID, paspoort, rybewys) saam bring na die stemlokaal.

Indien u nie in persoon teenwoordig kan wees nie, mag 'n proksiestem uitgebring word. Proksievorms is by die kantoor beskikbaar. Daar is 'n beperking van 2 persone per ouer op die proksievorms en sal streng gekontroleer word.

As ons leerders ons ouers kan "aanmoedig" om die verkiesingsvergadering by te woon, sal die vergunning gemaak word om 'n dag gewone klere aan te trek. Die vergunning sal slegs geld as daar 'n kworum is en die verkiesing kan plaasvind.

Dit is uiters belangrik dat elke ouerlid sy/haar plek sal volstaan in die verkiesing van nuwe skoolbeheerliggame:

1. **Maak seker dat jy weet wanneer die verskiesing plaasvind!**
2. **Maak seker dat jy gaan stem!**
3. **Maak seker dat almal wat jy ken gaan stem!**
4. **Identifiseer kandidate wat verkies kan word, en wat jou stem sal laat hoor!**
5. **Stel jouself beskikbaar om tot die beheerliggaam verkies te word!**

Ek vertrou dat ons soos gewoonlik op u ondersteuning sal kan staatmaak.

Groete

P W Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof

Skeurstrokie (Omsendbrief 5/2018)

Vul asseblief die skeurstrokie in en stuur na u kind se voogonderwyser.

Hiermee erken ek _____ ouer/voog van _____ ontvangs van Omsendbrief 5/2018.

_____ _____

Handtekening van ouer / voog Datum